

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

JAARBOEK

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

2011



Dekaan:

Prof. M.J. (Tienie) Crous
Flippie Groenewoudgebou 171
Telefoonnommer: (051) 401-2310
E-pos: crousmj@ufs.ac.za

INHOUD

Akademiese Personeel	4
-----------------------------------	----------

Algemene oriëntering	8
-----------------------------------	----------

I. EERSTE BACCALAUREUSGRADE, DIPLOMAS EN CERTIFIKATE

Onderrigprogram in Privaatsektorbestuur

Baccalaureus Commercii (Algemene Bestuur).....	25
Baccalaureus Commercii (Beleggingsbestuur en Bankwese).....	27
Baccalaureus Commercii (Bemarking).....	29
Baccalaureus Commercii (Ekonomie).....	31
Baccalaureus Commercii (Finansiële Bestuur).....	33
Baccalaureus Commercii (Finansiële Wiskunde).....	36
Baccalaureus Commercii (Inligtingstegnologie).....	38
Baccalaureus Commercii (Landbou-ekonomie).....	40
Baccalaureus Commercii (Menslike Hulpbronbestuur).....	42
Baccalaureus Commercii (Regte).....	45
Baccalaureus Commercii (Risikobestuur).....	47
Baccalaureus Commercii (Statistiek).....	49
Baccalaureus Commercii 4 Jaar-kurikulum.....	51

Onderrigprogram in Openbare Sektor Bestuur

Baccalaureus Administrationis.....	55
Baccalaureus in Openbare Bestuur (Algemene Bestuur).....	57
Baccalaureus in Openbare Bestuur (Ekonomiese Beleid).....	59

Baccalaureus in Openbare Bestuur (Menslike Hulpbronbestuur).....	61
Baccalaureus in Openbare Bestuur (Rekeningkunde).....	63
Baccalaureus Administrationis 4 Jaar-kurikulum.....	65

Onderrigprogram in Rekenmeestersopleiding

Baccalaureus Rekeningkunde.....	70
Baccalaureus Commercii (Rekeningkunde).....	72
Baccalaureus Commercii (Rekeningkunde) 4 Jaar-kurikulum.....	74

AKADEMIESE PERSONEEL

DEKAAN SEKUNDUS DEKAAN

Prof. M.J. Crous
Prof. H.J. Kroukamp

PROGRAMDIREKTEURE

Privaatsektorbestuur: Prof. H van Zyl
Openbare sektor bestuur: Prof. L. Lues
Rekenmeestersopleiding: Prof. H.A. van Wyk

BEDRYFSIELKUNDE

Departementele
voorsitter: Dr. P. Nel
Professor: Prof. E.S. van Zyl
Mede-professor: Prof. M. Kotzé
Senior lektore: Dr. L. Griessel
Dr. J.W. Pienaar
Lektore: Dr. E. Boshoff
Mnr. L. Bezuidenhoud
Mev. R. Kleynhans
Mnr. L. Markham
Junior lektor:

EKONOMIE

Departementele
voorsitter: Prof. P. Burger
Departementele onder-
voorsitter: Dr. J. Coetzee
Professore: Prof. F. le R. Booysen
Prof. G.M. Wessels
Prof. F.C. van N. Fourie (Navorsingsgenoot)
Senior lektore: Dr. J.A. de Beer
Dr. A. van Niekerk
Lektore: Dr. J. Coetzee
Mnr. J-P. Geldenhuys
Mev. L. Janse van Rensburg
Mnr. N. Keyser
Mej. K. Kitching
Mnr. A. Pool
Mnr. I. van der Merwe
Mev. C. Campher

Junior lektor: Me. D.Dlodlo

Buitengewone
hoogleraars: Prof. P.A. Hawkins
Prof. H.F. Nel

Prof. C.S.W. Torr

Besoekende professor: Mnr. S. de Jager

Besoekende dosent: Me. M. Govender

ONDERNEMINGSBESTUUR

Departementele Dr. J.H. van Zyl
voorsitter:

Professor: Prof. A.v.A. Smit

Mede-professor: Prof. J.A.A. Lazenby

Senior lektor Dr. J.H. van Zyl

Lektore: Mnr. J. Nel

Mnr. J.M. Oliver

Dr. N.M. Rammile

Junior lektore: Mev. K. Booysen

Mej. S. De Kock

Mej. A. van Noordwyk

Mej. L. Kotzé

OPENBARE BESTUUR

Departementele Prof. A.M. Sindane
voorsitter:

Professore: Prof. J.C.O. Bekker

Prof. H.J. Kroukamp

Mede-professor: Prof. L. Lues

Lektore: Mnr. L.M. du Plessis

Junior lektor: Me. S. Nambakirwa

Buitengewone hoogleraar: Prof. C. Kapp

Ere-professor: Prof. B. Soobrayan

Besoekende professor Prof. H. Van Dyk-Robertson

SENTRUM VIR

REKENINGKUNDE

Voorstter van die Sentrum: Prof. P.M. Britz

Professore: Prof. D.S. Lubbe

Prof. H.A. van Wyk

Mede-professore: Prof. A. Koekemoer

Prof. J. Rossouw

Senior lektore:	Mev. L. Bruwer Mej. C. Crous Mev. J. Lamprecht Mev. C. Malan Mev. E. Raubenheimer Mnr. J. Swanepoel Mev. A. Oosthuizen Mev. E. Goodchild Mnr. S. Watson
Lektore:	Mev. H. Joubert Mnr. J. Viljoen Me. S. Fraser Mnr. S. Ward
Program-koördineerder:	Mnr. F. Makhabane
Buitengewone hoogleraars:	Prof. S. Khana
Thuthuka-koördineerder	Mev. A. van der Merwe

BESTUURSKOOL

Direkteur:	Prof. H. van Zyl
Programdirekteur MBA	Prof. H. van Zyl
Programdirekteur BML program	Prof. H. van Zyl
Programdirekteur Sertifikaatprogramme	Mnr. D.F. Jacobs

SENTRUM VIR BESIGHEIDSDINAMIKA

Bestuurder:	Mnr. D.F. Jacobs
-------------	------------------

SENTRUM VIR ONTWIKKELINGSTEUN (CDS)

Direkteur:	Prof. J.G.L. Marais
Programdirekteur	
Nagraadse Program in	
Ontwikkelingstudies:	Prof. L.J.S. Botes
Navorsers:	Mev. D. van Rooyen Me. K. Sigenu Mnr. M. Lenka Mnr. J. Cloete Me. A. Venter Me. M. Pappin
Program-koördineerder:	Mev. D. Olivier
Navorsingsgenote:	Prof. D. Atkinson Mnr. J. Wessels Dr. N. Boaduo

Mev. M. Kusambiza
Dr. S. Taylor
Mev. M. Masia
Mnr. M. Ingle

Uitvoerende beampte
Internasionale Instituut
vir Ontwikkelingsetiek:

Mnr. W.F. Ellis

EENHEID VIR ENTREPRENEURSKAP

Uitvoerende voorsitter: Dr. J.H. van Zyl

ADMINISTRATIEWE PERSONEEL

Dekaansekretaresse:	Mev. M. Coetzee
Fakulteitsbestuurder:	Dr. E.S. du Preez
Bestuurder: Onderrig en Leer:	Dr. L. Massyn
Navorsingskoördineerder:	Mev. I. du Plooy
Samelewingsdienskoördineerder	Mev. M.N. Ndlovu
Bode:	Mnr. P. Smith
Fakulteitsbeampte:	
	Mnr. T.O.Z. Moeng
	Akademie Studentedienste
	George du Toit-administrasiegebou 140
	Telefoon: 051-4012481
	E-pos: moeng@ufs.ac.za

KONTAKBESONDERHEDE

Fisiese adres:	Flippie Groenewoudgebou 171
Posadres:	Interne Posbus 11
	Universiteit van die Vrystaat
	Posbus 339
	Bloemfontein
	9300
E-pos:	dupreeze@ufs.ac.za
Faks:	051-4445465

ALGEMENE ORIËTERING

Hierdie deel van die Jaarboek van die Universiteit van die Vrystaat sit die regulasies ten opsigte van die kwalifikasies en studieprogramme in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe uiteen. Daar word onderskei tussen voorgraadse studie (eerste baccalaureusgrade, diplomas en sertifikate) en nagraadse studie (honneurs-, magister- en doktorsgrade, asook gevorderde en nagraadse diplomas).

FAKULTEITS- EN ALGEMENE REGULASIES

Vir al die verskillende grade en opsies geld 'n aantal regulasies. Twee tipes regulasies is ter sake:

Algemene regulasies van die Universiteit, wat op alle Fakulteite van toepassing is, en gevolglik ook op die kwalifikasies en programme van hierdie Fakulteit. Tensy anders gespesifiseer, is die algemene regulasies ten opsigte van baccalaureusgrade dus van toepassing op die grade wat hier uiteengesit word. Die algemene regulasies is in Deel 1 van die Universiteit se Jaarboek, en handel met belangrike kwessies soos die volgende:

- Toelating tot die universiteit, tot graad- en diplomastudie, en tot geleentheidstudie (losstaande modules).
- Registrasie as student; modulewysigings; gelyktydige registrasie; modulesamestelling; duur van studie; voorvereistes; erkenning van modules aan 'n ander instelling geslaag; ens.
- Semester- en jaarsyfers; slaagvereistes; grade met lof; hertoelating en stuiting van studente; herassessering; spesiale eksamens; eksamenlokaalvoorskrifte; verkeerd lees van eksamenrooster; uitslae en puntestate; ens.

Fakulteitsregulasies, wat spesifiek vir die graad- en ander programme van hierdie Fakulteit geld, en in hierdie publikasie uiteengesit word.

Die verantwoordelikheid om op hoogte van die algemene regulasies asook die fakulteitsregulasies te wees, berus geheel en al by die student.

EERSTE BACCALAUREUSGRADE, DIPLOMAS EN SERTIFIKATE

INLIGTING

Die eerste baccalaureusgrade in hierdie Fakulteit is daarop gemik om studente deur wetenskap-gefundeerde onderrig en leer intellektueel te ontwikkel sodat hulle deeglik voorberei word vir verskeie loopbane in die breë veld van Ekonomie en Bestuur. Dit sluit in loopbane in die privaatsektor, sekere professies, die owerheidsektor, asook sekondêre en hoër onderwys. Nagraadse studierigtings is beskikbaar vir gevorderde voorbereiding vir sulke loopbane.

Studente kan eerste graadkwalifikasies behaal in een van drie onderrigprogramme:

- Privaatsektorbestuur
- Openbare Sektor Bestuur
- Rekenmeestersopleiding

In die drie onderrigprogramme word 'n aantal eerste baccalaureusgrade in die Fakulteit toegeken (kyk tabel hieronder). In elk van hierdie programme kan gespesialiseer word in bepaalde rigtings (sulke sub-programme word in hakies aangedui na die graadnaam).

Nagraadse studie is beskikbaar vir iemand wat verder wil studeer in 'n bepaalde rigting nadat 'n baccalaureusgraad behaal is.

GRADE IN DIE DRIE ONDERRIGPROGRAMME

Privaatsektorbestuur	Minimum tydperk	Studie-kode	Program-kode	Totale krediete
B.Com. (Algemene Bestuur)	3 jaar	6301	M6010	454
B.Com. (Beleggingsbestuursbestuur en Bankwese)	3 jaar	6303	M6010	451
B.Com. (Bemarking)	3 jaar	6305	M6010	452
B.Com. (Ekonomie)	3 jaar	6302	M6010	464
B.Com. (Finansiële Bestuur)	3 jaar	6306	M6010	491
B.Com. (Finansiële Wiskunde)	3 jaar	6326	M6010	496
B.Com. (Inligtingstechnologie)	3 jaar	6308	M6010	526
B.Com. (Landbou-ekonomie)	3 jaar	6323	M6010	553
B.Com. (Menslike Hulpbronbestuur)	3 jaar	6304	M6010	471
B.Com. (Regte)	3 jaar	6309	M6010	440
B.Com. (Risikobestuur)	3 jaar	6325	M6010	528
B.Com. (Statistiek)	3 jaar	6307	M6010	492
B.Com. 4 Jaar-kurrikulum	4 jaar	6338	M6010	-

Openbare Sektor Bestuur

B. Admin.	3 jaar	6310	M6020	383
B.Pub. (Algemene Bestuur)	3 jaar	6314	M6020	446
B.Pub. (Ekonomiese Beleid)	3 jaar	6315	M6020	446
B.Pub. (Menslike Hulpbronbestuur)	3 jaar	6316	M6020	446
B.Pub. (Rekeningkunde)	3 jaar	6318	M6020	446
B.Admin. 4-jaarkurrikulum	4 jaar	6356	M6020	-

Rekenmeestersopleiding

B.Rek.	3 jaar	6319	M6030	524
B.Com. (Rekeningkunde)	3 jaar	6321	M6030	500
B. Com. (Rekeningkunde) 4 - jaarkurrikulum	4 jaar	6355	M6030	-

Studente wat 'n voltydse beroep beoefen, word aangeraai om graadstudie wat oor drie jaar strek, oor vier jaar (agt semesters) te versprei, met 'n maksimum van vier modules in elke semester van die eerste en tweede jaar.

REGULASIES

FAKULTEITSTOELATINGSVEREISTES

Algemene toelatingsvereistes vir die Fakulteit

Benewens die algemene regulasies ten opsigte van toelating tot die universiteit (algemene regulasie A1) en toelating tot graadstudie (algemene regulasie A2), geld die volgende spesifieke vereistes vir toelating tot studie in hierdie Fakulteit:

TOELATINGSVEREISTES VIR STUDENTE WAT VANAF 2008 EN DAARNA GRAAD 12 GESLAAG HET

Graad	Graad 12 kwalifikasie
B.Com. (Algemene Bestuur)	• TP = 30 • Wiskunde = Prestasievlak 4 (50%)*
B.Com. (Ekonomie)	
B.Com. (Beleggingsbestuur en Bankwese)	
B.Com. (Menslike Hulpbronbestuur)	
B.Com. (Bemarking)	
B.Com. (Inligtingstegnologie)	
B.Com. (Finansiële Bestuur)	
B.Com. (Statistiek)	
B.Com. (Landbou-ekonomie)	
B.Com. (Regte)	
B.Com. 4-jaar kurrikulum	• TP = 25 - 29 • Wiskunde = Prestasievlak 3 (40%)
B.Com. (Risikobestuur)	• TP = 34 • Wiskunde = Prestasievlak 6 (70%)

B.Com. (Finansiële Wiskunde)	• TP = 30 • Wiskunde = Prestasievlak 6 (70%)
B.Admin.	• TP = 30
B.Pub. (Algemene Bestuur)	• TP = 30 • Wiskunde = Prestasievlak 4 (50%)*
B.Pub. (Ekonomiese Beleid)	
B.Pub. (Menslike Hulpbronbestuur)	
B.Pub. (Rekeningkunde)	
B.Admin. 4 Jaar kurrikulum	• TP = 25 - 29
B.Rek.	• TP = 32 • Wiskunde = Prestasievlak 5 (60%) • Rekeningkunde = Prestasievlak 5 (60%)
B.Com. (Rekeningkunde)	• TP = 30 • Wiskunde = Prestasievlak 4 (50%)*
B.Com. (Rekeningkunde) 4-jaar kurrikulum	• TP = 25 - 29 • Wiskunde = Prestasievlak 3 (40%)

TOELATINGSVEREISTES VIR STUDENTE WAT IN 2007 EN VOOR DIT GRAAD 12 GESLAAG HET

Graad	Graad 12 kwalifikasie
B.Com. (Algemene Bestuur) B.Com. (Beleggingsbestuur en Bankwese) B.Com. (Bemarking) B.Com. (Ekonomie) B.Com. (Finansiële Bestuur) B.Com. (Landbou-Ekonomie) B.Com. (Menslike Hulpbronbestuur) B.Com. (Risikobestuur) B.Com. (Regte) B.Com. (Statistiek)	• Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • M-telling van 30 en hoër, plus • Graad 12 Wiskunde (SG) minstens met 'n C-simbool *
B.Com. (Finansiële Wiskunde)	• Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • M-telling van 30 en hoër, plus • Graad 12 Wiskunde (HG)
B.Com. (Inligtingstegnologie)	• Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • M-telling van 30 en hoër, plus • Graad 12 Wiskunde (SG) minstens met 'n C-simbool * • 'n Groot totaal van minstens 1200 in Graad 12
B.Com. (Regte)	• Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • M-telling van 30 en hoër, plus • Graad 12 Wiskunde (SG) minstens met 'n C-simbool*, plus • Minstens 'n C-simbool in Afrikaans (HG) of Engels (HG)
B.Com. 4-jaar Kurrikulum	• Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • M-telling 25 – 29, plus • Graad 12 Wiskunde (SG) minstens met 'n C-simbool*

B.Admin.	• Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • M-telling van 30 en hoër
B.Pub. (Algemene Bestuur) B.Pub. (Ekonomiese Beleid) B.Pub. (Rekeningkunde) B.Pub. (Menslike Hulpbronbestuur)	• Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • M-telling van 30 en hoër, plus • Graad 12 Wiskunde (SG) minstens met 'n C-simbool*
B.Com. (Rekeningkunde)	• Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • M-telling van 30 en hoër, plus • Graad 12 Wiskunde (SG) minstens met 'n C-simbool*
B.Rek.	• Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • 'n Groototaal van minstens 1260, plus • M-telling van 32 en hoër, plus • Graad 12 Wiskunde (SG) minstens met 'n A-simbool, plus • Graad 12 Rekeningkunde (SG) minstens met 'n A-simbool of • Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • 'n Groototaal van minstens 1260, plus • M-telling van 30 en hoër, plus • Graad 12 Wiskunde (HG) minstens met 'n C-simbool of hoër, plus • Graad 12 Rekeningkunde (SG) minstens met 'n A-simbool of • Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • 'n Groototaal van minstens 1260, plus • M-telling van 30 en hoër, plus • Graad 12 Wiskunde (HG)

	minstens met 'n C-simbool of hoër, plus • Graad 12 Rekeningkunde (HG) minstens met 'n C-simbool of hoër
--	---

*Vir studente wat nie Wiskunde op bogemelde vlak geslaag het nie, is daar egter 'n paar alternatiewe roetes om toegang te verleen:

Alternatief 1: Slaag vooraf 'n gelykwaardige module in Wiskunde by hierdie of 'n ander opvoedkundige inrigting, en doen dan aansoek by die Dekaan: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, vir toelating.

Alternatief 2: Volg 'n graad 12-ekwivalente Wiskundemodule en registreer gelyktydig daarmee vir *geleentheidstudie* aan die UV (algemene regulasie A4) en volg so sekere losstaande modules in die Fakulteit sonder om formeel vir 'n graad te registreer. Nadat die Wiskundemodule of ekwivalent geslaag is, kan aansoek gedoen word vir formele toelating tot graadstudie *asook* vir krediet vir die modules wat reeds met geleentheidstudie geslaag is. Eerstejaarsmodules wat via geleentheidstudie geneem mag word alvorens aan die Wiskunde-vereiste voldoen is, is:

OBS134 en OBS144	AFP132 en AFP142
HUM114 en ORG124	EBE112 en EBE122
REK114 en REK124	STK114 en STK124

As ekwivalente module vir Wiskunde prestasievlak 4 (50%) of Wiskunde (SG) C-simbool, sal die volgende aanvaar word:

- Statistiek op eerstejaarsvlak (bv. STK114 en STK124)
- 'n Wiskundemodule aan 'n ander opvoedkundige inrigting (bv. 'n Universiteit van Tegnologie) wat op dieselfde vlak as Wiskunde (SG) C-simbool of Wiskunde prestasievlak 4 (50%) is.

Aangesien Statistiek 'n verpligte module in die eerste jaar van die meeste grade is, is dit waarskynlik die beste om (a) te kies indien moontlik. Andersins is dit beter om eers 'n graad 12-vlak module in Wiskunde te voltooi.

Bykomende toelatingsvereistes vir sekere modules

Die volgende toelatingsvereistes geld vir sekere modules:

1. **Ekonomie (EKN114 en EKN124):** Graad 12 Wiskunde prestasievlak 4 (50%) of Graad 12 Wiskunde (SG) minstens met 'n C-simbool. Onderhewig aan die goedkeuring van die Departementele Voorsitter, kan 'n gelykwaardige module (Wiskundige of Statistiese rigting), ook toelating verleen.
2. **Ondernemingsbestuur (OBS234 en OBS364):** Graad 12 Wiskunde prestasievlak 4 (50%) of Graad 12 Wiskunde (SG) minstens met 'n C-simbool. Onderhewig aan die goedkeuring van die Departementele Voorsitter, kan 'n gelykwaardige module (Wiskunde of Statistiek), ook toelating verleen.
3. **Finansiële Rekeningkunde (FIN114 en FIN 124):** Graad 12 Rekeningkunde op vlak 4 (50%).
4. **BRS111 en RIS134:**
 - Studente wat Inligtingstegnologie (IT) in Graad 12 op prestasievlak 5 geslaag het of enige ander substansiële programmeringskursus geslaag het en bewys daarvan kan lewer, kan vrygestel word van RIS134 of RIS144 indien 'n promoveringstoets aan die begin van die semester met ten minste 65% geslaag word. Sodanige toets sal op standaard van die RIS134-eksamen wees. (Die reëling geld ook vir studente wat Rekenaarstudie in Graad 12 (HG) geslaag het).
 - Studente wat in Graad 12 Inligtingstegnologie (IT) op prestasievlak 4, of Rekenartoepassingstegnologie (RTT) op prestasievlak 5 geslaag het, word van BRS111 vrygestel. [Die reëling geld ook vir studente wat Rekenaarstudie in Graad 12 geslaag het met 'n D-simbool (HG) of 'n C-simbool (SG)]

VOLGORDE VAN MODULES EN VOORVEREISTES

Tensy daar spesifieke voorvereistes vir 'n module gestel word soos in die lys hieronder, is alle modules in hierdie Fakulteit selfstandige semester- of jaarmodules wat in enige volgorde en sonder voorvereistes gevolg kan word. (Voorvereistes vir modules wat nie in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied word nie, verskyn in die Algemene Regulasies in die Jaarboek (Deel I) of in die Jaarboeke van die betrokke Fakulteite).

- Onthou die *toelatingsvereistes* vir die modules hierbo.

MODULE	KODE	VOORVEREISTES
Belasting	BEL308	BLS208 of BEL208
	BLS308	BLS208 of BEL208
Bestuursrekeningkunde	BRF308	BRF214 of BRF224 of MAC224 of BRF314 of MAC314 of MAC324
	MAC314	BRF214 of BRF224 of MAC224 of FIN114 of FIN124
Bestuursfinansies	MNF324	FIN114 of FIN124 of REH114 of REK124
Ekonomie	EKN114	Graad 12 Wiskunde prestasievlak 4 (50%) of Graad 12 Wiskunde SG (minstens C-simbool), of STK114 en STK124
	EKN124	Graad 12 Wiskunde prestasievlak 4 (50%) Graad 12 Wiskunde SG (minstens C-simbool), of STK114 en STK124
	EKN214	EKN114
	EKN224	EKN124

	EKN314	EKN114 en EKN124
	EKN324	EKN114 en EKN124
Kwantitatiewe Ekonomie	EKT324	EKN114 en EKN124
Finansiële Rekeningkunde	FIN114	Graad 12 Rekeningkunde.
	FIN124	FIN114 (of REK114 met 'n slaagsyfer van ten minste 60%)
Finansiële Rekeningkunde	FIN208	FIN114 (of REK114 met 'n slaagsyfer van 60%) en FIN124.
	FIN308	FIN208
Finansiële Ekonomie (voorheen Geld- en Bankwese)	FEC214 (voorheen GEB214)	EKN114 en EKN124.
	FEC224 (voorheen GEB224)	EKN114 en EKN124.
	FEC314 (voorheen GEB314)	EKN114 en EKN124, (of EBN114 en EBN124 met gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag)
	FEC324 (voorheen GEB324)	EKN114 en EKN124.
Ondernemingsbestuur	OBS234	Graad 12 Wiskunde prestasievlak 4 (50%), of Graad 12 Wiskunde SG (minstens C-simbool), of STK114 en STK124
	OBS364	Graad 12 Wiskunde prestasievlak 4 (50%), of Graad 12 Wiskunde SG (minstens C-simbool), of STK114 en STK124

Ouditkunde	ODT214	FIN114 of FIN124 of REK114 of REK124
	ODT224	FIN114 of FIN124 of REK114 of REK124
	ODT308	ODT214 of ODT224
Rekenaartoepassings en kontroles	RKT214	REK114 of REK124 of FIN114 of FIN124
Rekenaarwetenskap	RIS114	(met BRS111)
	RIS124	RIS114 of RIS134
	RIS134	(met BRS111)
	RIS144	RIS134
	RIS164	RIS114 of RIS144 of Graad 12 Inligtingstegnologie (IT) op prestasievlak 5
	RIS214	RIS124 (met RIS274)
	RIS234	RIS144 en (met RIS274)
	RIS274	RIS124
	RIS224	RIS214
	RIS314	RIS214
	RIS324	RIS224
	RIS334	RIS164 en RIS214
	RIS344	RIS224
Rekenaar-geletterdheid	BRS121	BRS111
Rekeningkunde	REK208	REK114 of REK124 of FIN114 of FIN124
	REK308	REK204 of FIN208 of REK208

Voorvereistes by B.Com.(Landbou-Ekonomie):

MODULE	Voorvereiste	Module	Voorvereiste
LEK214	Min (LEK124)	LEK414	LEK224
LEK224	LEK124	LEK424	LEK214
LEK314	Min (LEK124)	LEK434	LEK214
LEK324	LEK314		

Rekenaarinligtingstelsels
Rekenargeletterdheid
Rekenaarwiskunde
Risikobestuur
Statistiek
Toegepaste Wiskunde
Wiskunde
Wiskundige Statistiek

Raadpleeg die Jaarboek van die Fakulteit
Natuur- en Landbouwetenskappe

KODE-/MODULEWYSIGINGS: EKWIVALENTE MODULES

OORGANGSMAATREËLS VIR B.REK. EN B.COM. (REKENINGKUNDE) STUDENTE

- Studente wat in **2011** vir die eerste keer vir B. Rek. of B.Com. (Rekeningkunde) registreer, volg die nuwe 2011 kurrikulum.
- Studente wat in **2010** vir die eerste keer vir B.Rek. of B.Com. (Rekeningkunde) geregistreer het, het in 2011 twee **keuses**:
 - (i) **Gaan voort met die 2010 kurrikulum en doen die volgende veranderinge:**
Registreer vir MAC224 in die plek van BRF224
Registreer vir REK208 in die plek van REK204
B.Com. (Rekeningkunde): registreer vir BEL208 in plaas van BLS208
 - (ii) **Verander na die 2011 kurrikulum.**
Hierdie studente sal die volgende erkennings ontvang (indien die betrokke modules geslaag is):
OBS134 en OBS144 in die plek van OBS244
HRG124 in die plek van BCA122.
Hierdie studente sal vir BKO154 moet registreer.
- Studente wat in **2009** en voor dit vir die eerste keer vir B.Rek. of B.Com. (Rekeningkunde) geregistreer het, registreer in 2011 volgens die kurrikulum van hul eerste jaar van registrasie en gebruik die nuwe modulekodes waar van toepassing. Hierdie studente registreer vir MAC314 in die plek van BRF314.

MODULES WAT IN 2011 VERANDER

Ou kode	Nuwe kode
BLS208	BEL208 (net vir B.Com.(Rekeningkunde))
BRF224	MAC224
BRF314	MAC314
REK204	REK208

ONDERRIGPROGRAM IN PRIVAATSEKTORBESTUUR

Algemene Inligting

Kwalifikasies in Privaatsektorbestuur kan in verskeie rigtings behaal word. Dit word almal geakkommodeer binne die graad *Baccalaureus Commercii* of B.Com. Hierdie is 'n hoogaangeskrewe en baie omvattende basiese bestuursgraad, en is gerig op ekonomiese en bestuurswerk in veral die privaatsektor, akademiese loopbane by universiteite, asook 'n onderwysloopbaan.

- Hoewel die B.Com.-graad gerig is op ekonomiese en bestuurswerk in die privaatsektor, is dit ook 'n uitstekende graad vir 'n loopbaan in die openbare sektor. (Vergelyk egter die Onderrigprogram in Openbare Sektor Bestuur).
- Die graad is gebou rondom die kern van Ekonomie (as moederwetenskap), Ondernemingsbestuur (insluitend Bemaking en Finansiële Bestuur), Bedryfsielkunde en Rekeningkunde, met heelwat ruimte vir keusemodules. B.Com. (Algemene Bestuur) is die mees algemene opsie en bied vir iemand wat nie nou al 'n spesifieke rigting wil kies nie, 'n baie soliede algemene bestuursgraad.
- Hiernaas word spesialisasie in sekere rigtings moontlik gemaak deur die beskikbaarheid van 'n verskeidenheid gefokusde rigtings binne die B.Com.-graad, soos hieronder uiteengesit.

B.Com. (Algemene Bestuur)

B.Com. (Inligtingstegnologie)

B.Com.(Beleggingsbestuur en Bankwese)

B.Com. (Landbou-ekonomie)

B.Com. (Bemaking)

B.Com. (Menslike Hulpbronbestuur)

B.Com. (Ekonomie)

B.Com. (Regte)

B.Com. (Finansiële Bestuur)

B.Com. (Statistiek)

B.Com. (Risikobestuur)

- B.Com. (Rekeningkunde) is ook beskikbaar binne die onderrigprogram in Rekenmeestersopleiding.
- Die uiteensetting hieronder dui die struktuur van elke rigting se graad-kurrikulum vir die normale drie studiejare aan. Almal is gebou rondom 'n soliede ekonomiese en bestuurskern. Hierdie kern word in die eerste jaar, wat dieselfde is vir al die rigtings, gevestig, maar ook in die tweede en derde jaar uitgebou, hoewel met toenemende fokus op modules wat deur die gekose spesialisrigting vereis word.
- In die uiteensetting word die onderskeidende element van elke rigting duidelik aangedui, sodat die voornemende studente 'n goed ingeligte keuse tussen die verskillende rigtings kan maak. Dit is moontlik om van rigting te verander gedurende die studietydperk. Dit kan egter beteken dat ekstra modules geneem moet word om aan te pas by die nuwe rigting se voorskrifte.
- Die minimum aantal semestermodules wat gewoonlik vir 'n B.Com.-graad vereis word, is 30. Normaalweg moet drie "hoofmodules" op derdejaarsvlak geneem word.
- 'n Basiese rekenaarvaardigheidsmodule (BRS111 en BRS121) is deel - van al die kurrikula, asook 'n module in Afrikaans vir die Professies of Besigheidsengels, toegespits op die bestuursveld. Hierdie taalvaardigheidsmodule is daarop gemik om die student noodsaaklike vaardighede vir suksesvolle akademiese studies en 'n loopbaan in bestuur te gee. [Indien 'n beduidende aantal nie-moedertaalsprekers vir Afrikaans vir die Professies inskryf, kan hulle in 'n nie-moedertaalmodule van Afrikaans geakkommodeer word.]

Wanneer moet 'n student finaal kies?

In die meeste gevalle volg studente in hierdie Fakulteit vir al die grade dieselfde eerstejaarsmodules, nl. Ekonomie, Ondernemingsbestuur, Rekeningkunde, Bedryfsielkunde en Statistiek/Wiskunde. Hierdie modules is die basis van enige bestuursgraad.

In die tweede jaar tree verskille tussen die verskillende rigtings in, en in die derde jaar is daar beduidende verskille.

'n Student moet dus verkieslik aan die einde van die eerste studiejaar klaar kies, maar kan dit ook later doen. Dit kan dan egter beteken dat enkele ekstra modules wat vir die nuwe rigting benodig word, gevolg sal moet word.

Studente kan slegs twee keer van rigting binne die Program vir Privaatsektorbestuur verander. Slegs in uitsonderlike gevalle sal 'n student met die goedkeuring van die Dekaan en die Programdirekteur: Privaatsektorbestuur, toegelaat word om 'n derde keer van rigting te verander.

INLIGTING

Hierdie is die mees algemene B.Com.-opsie, en is uitstekend vir iemand wat 'n soliede algemene bestuursgraad wil hê en nie soseer wil spesialiseer in 'n bepaalde rigting nie. Dit berei die student dus voor vir 'n wye verskeidenheid loopbane in hierdie breë veld, in sowel verskeie privaatsektorbestuurrigtings as in die Ekonomie-rigting.

- Spesialisasie kan dan op nagraadse vlak volg, indien benodig. (Kyk na die hoofstuk oor nagraadse studie).

Die kern van hierdie opsie setel enersyds in Ekonomie en andersyds in Ondernemingsbestuur (wat Bemaking en/of Finansiële Bestuur insluit). Daar is 'n keuse tussen Rekeningkunde of Bedryfsielkunde as die derde hoofvak in die derde jaar.

Rekeningkunde moet minstens tot op tweedejaarsvlak geneem word, 'n aanduiding van die belangrikheid daarvan in die breë bestuursveld.

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerrooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com. (Algemene Bestuur) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel.

'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word, veral by die keuserigtings.

B.COM. (ALGEMENE BESTUUR) Studiekode 6301

	EERSTE JAAR		TWEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2
Ekonomie	EKN114	EKN124	EKN214	EKN224	EKN314	EKN324
Kwantitatiewe ekonomie						EKT324
Ondernemingsbestuur	OBS134			OBS244	OBS314	
Bemarking		OBS144				OBS324 of OBS364
Finansiële bestuur			OBS234			
Bedryfsielkunde	HUM114	ORG124	ELR214	OCP224		
Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde	REK114	REK124	REK208	REK208 MAC224		
Statistiek	STK114	STK124				
	of	of				
Wiskunde	■WTW114 of ◆WTW134	■WTW124 of WTW144				
Taalvaardigheid: Afrikaans vir die professies	AFP132	AFP142				
	of	of				
Besigheidsengels	EBE112	EBE122				
Rekenaargeletterdheid			BRS111	BRS121		
Inligtingvaardigheid	ILK111					
KEUSES:			Kies een vak uit:		Kies een vak uit:	
Openbare Bestuur			OBB214	OBB224	OBB314	OBB324
Finansiële Ekonomie			FEC214	FEC224		
Belasting			BEL208	BEL208		
Handelsreg			HRG114	HRG124		
Bedryfsielkunde					TRG314	RSM324
Rekenaarinligtingstelsels			RIS134	RIS144		
Rekeningkunde					REK308	REK308
Wiskunde			WTW214 WTW254	WTW224 WTW264	WTW374	WTW364

- WTW114 en WTW 124 vereis Graad 12 Wiskunde (HG) met minstens 'n D-simbool of prestasievlak 6 (70%).
- ◆ WTW134 en WTW144 moet verkieslik deur studente geneem word wat net in die eerste jaar Wiskunde wil neem.

INLIGTING

Hierdie opsie is vir iemand wat 'n loopbaan in die banksektor, in ander finansiële instellings of ander terreine van die finanswese beoog. Dit is ook uitstekend vir 'n loopbaan by die Reserwebank (insluitend monetêre beleid).

Veral met 'n nagraadse kwalifikasie in Ekonomie (spesialiteitsrigting Finansiële Ekonomie en Bankwese) is 'n student besonder geskik vir hierdie soort loopbaangeleenthede. Die nagraadse rigting in Beleggingsbestuur sluit ook uitstekend hierby aan.

Die kern van hierdie opsie setel in Finansiële Ekonomie en Bankwese ('n sub-afdeling van Ekonomie wat fokus op die monetêre wêreld) en Ekonomie as hoofmodules. Dit het egter steeds 'n stewige bestuursbasis, o.m. met Ondernemingsbestuur (insluitend Bemarking en Finansiële Bestuur) ook tot op derdejaarsvlak. Dit kan dus ewe goed as algemene bestuursgraad funksioneer.

Rekeningkunde hoef slegs tot op eerstejaarsvlak geneem te word (maar kan wel in die tweede jaar geneem word).

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com. (Bankwese) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel.

'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word.

B.COM. (BELEGGINGSBESTUUR EN BANKWESE) Studiekode 6303

	EERSTE JAAR		TWEEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2
Economie	EKN114	EKN124	EKN214	EKN224	EKN314	EKN324 EKT324
Kwantitatiewe Ekonomie						EKT324
Finansiële Ekonomie			FEC214	FEC224	FEC314	FEC324
Ondernemingsbestuur	OBS134			OBS244		
Bestuursrekeningkunde				MAC224	MAC314	
Finansiële bestuur			OBS234			OBS364
					of	of
Bestuursrekeningkunde					BRF308	BRF308
Bemarking		OBS144				
Bedryfsielkunde	HUM114	ORG124				
Rekeningkunde	REK114	REK124	REK208	REK208		
Statistiek	STK114	STK124				
	of	of				
Wiskunde	■ WTW114 of ◆ WTW134	WTW124 of WTW144				
Taalvaardigheid: Afrikaans vir die professies	AFP132 of	AFP142 of				
Besigheidsengels	EBE112	EBE122				
Rekenaargetletterdheid			BRS111	BRS121		
Inligtingvaardigheid	ILK111					
KEUSES:			Kies een vak uit:			
Bedryfsielkunde			ELR214	OCP224		
Statistiek			STK216	STK226		
Belasting			BEL208	BEL208		
Handelsreg			HRG114	HRG124		
Rekenaarinligtingstelsels			RIS134	RIS144		

- WTW114 en WTW124 moet verkieslik deur studente geneem word wat in Graad 12 HG Wiskunde 'n A- of B-simbool behaal het of prestasievlak 6 (70%).
- ◆ WTW134 en WTW144 moet verkieslik deur studente geneem word wat net in die eerste jaar Wiskunde wil neem.

INLIGTING

Hierdie opsie is vir studente wat die wêreld van bemarkingsbestuur en internasionale bemarking wil betree.

Met 'n nagraadse kwalifikasie in Bemarkingsbestuur is 'n persoon besonder geskik vir 'n loopbaan in bemarking en reklame in die privaatsektor.

Die kern van hierdie opsie setel in Bemarking en Bedryfskommunikasie as hoofvak.

Rekeningkunde hoef net tot op eerstejaarsvlak geneem te word, alhoewel dit aan te beveel is tot op tweedejaarsvlak, gegewe die belangrikheid daarvan in enige bestuursveld.

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerrooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com. (Bemarking) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel.

'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word.

B.COM. (BEMARKING) Studiekode 6305

	EERSTE JAAR		TWEDE JAAR		DERDE JAAR	
<u>VERPLIG:</u>	<u>Sem. 1</u>	<u>Sem. 2</u>	<u>Sem. 1</u>	<u>Sem. 2</u>	<u>Sem. 1</u>	<u>Sem. 2</u>
Economie	EKN114	EKN124	EKN214	EKN224		
Ondernemingsbestuur	OBS134			OBS244	OBS314	
Bemarking		OBS144				OBS324
Finansiële bestuur			OBS234			
Bedryfsielkunde	HUM114	ORG124	ELR214	OCP224	TRG314	RSM324
Rekeningkunde	REK114	REK124				
Bedryfskommunikasie			BKO134	BKO244	BKO334	BKO344
					of	of
Internet Bemarking					IBM314	
Toerisme bemarking						OBS344
Statistiek	STK114	STK124				
	of	of				
Wiskunde	■WTW114 of ◆WTW134	WTW124 of WTW144				
Taalvaardigheid: Afrikaans vir die professies	AFP132 of	AFP142 of				
Besigheidsengels	EBE112	EBE122				
Rekenaargeletterdheid			BRS111	BRS121		
Inligtingvaardigheid	ILK111					
<u>KEUSES:</u>			Kies een vak uit:			
Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde			REK208	REK208 MAC224		
Finansiële Ekonomie			FEC214	FEC224		
Belasting			BEL208	BEL208		
Handelsreg			HRG114	HRG124		

- WTW114 en WTW 124 vereis Graad 12 Wiskunde (HG) met minstens 'n D-simbool of prestasievlak 6 (70%).
- ◆ WTW134 en WTW144 moet verkieslik deur studente geneem word wat net in die eerste jaar Wiskunde wil neem.

INLIGTING

Hierdie opsie is vir iemand wat in die Ekonomie-rigting wil spesialiseer, en byvoorbeeld as ekonoom of as ekonomiese beleidsontleder of vooruitskatter wil werk, of belang stel in 'n loopbaan as ekonomiese navorser of akademiese ekonoom. Veral met 'n nagraadse kwalifikasie in Ekonomie is 'n student besonder geskik vir hierdie soort loopbaangeleenthede, veral by groot sake-ondernemings, finansiële instellings of in die owerheidsektor.

Die kern van hierdie rigting setel in Ekonomie en Finansiële Ekonomie en Bankwese (’n spesialiteitsveld van Ekonomie wat fokus op die monetêre wêreld) met Ekonometrie as ’n opsie. Dit het egter steeds ’n stewige bestuursbasis, o.m. met Ondernemingsbestuur (insluitend Bemaking en Finansiële Bestuur) minstens tot op tweedejaarsvlak. Dit kan dus ewe goed as algemene bestuursgraad funksioneer.

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerrooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com. (Ekonomie) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel.

'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word veral by die keuserigtings.

B.COM. (EKONOMIE) Studiekode 6302

	EERSTE JAAR		TWEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	<u>Sem. 1</u>	<u>Sem. 2</u>	<u>Sem. 1</u>	<u>Sem. 2</u>	<u>Sem. 1</u>	<u>Sem. 2</u>
Ekonomie	EKN114	EKN124	EKN214	EKN224	EKN314	EKN324
Kwantitatiewe Ekonomie						EKT324
Ondernemingsbestuur	OBS134			OBS244	OBS314	
Finansiële bestuur			OBS234			OBS364 of OBS324
Bemarking		OBS144				OBS324
Finansiële Ekonomie			FEC214	FEC224	FEC314	FEC324
Bedryfsielkunde	HUM114	ORG124				
Rekeningkunde	REK114	REK124				
Statistiek	STK114	STK124				
	of	of				
Wiskunde	■WTW114 of ◆WTW134	WTW12 of WTW144				
Taalvaardigheid: Afrikaans vir die professies	AFP132	AFP142				
	of	of				
Besigheidsengels	EBE112	EBE122				
Rekenaargeletterdheid			BRS111	BRS121		
Inligtingvaardigheid	ILK111					
<u>KEUSES:</u>			Kies twee vakke uit:			
Bedryfsielkunde			ELR214	OCP224		
Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde			REK208	REK208 MAC224		
Statistiek			STK216	STK226		
Wiskunde			WTW214 WTW254	WTW224 WTW254		

- WTW114 en WTW 124 vereis Graad 12 Wiskunde (HG) met minstens 'n D-simbool of prestasievlak 6 (70%).
- ◆ WTW134 en WTW144 moet verkieslik deur studente geneem word wat net in die eerste jaar Wiskunde wil neem.

INLICHTING

Hierdie opsie is vir studente wat beoog om finansiële bestuurders in die privaatsektor te word. Finansiële instellings maak ook toenemend van gegradueerdes met hierdie kwalifikasies gebruik.

Die kern van hierdie opsie setel in Ondernemingsbestuur, veral semester-modules in Finansiële Bestuur, asook Rekeningkunde. Daar word aanbeveel dat studente dit sterk oorweeg om Belasting in te sluit.

Die insluiting van die Finansiële Beplanningsmodules as keusemodules in die tweede- en derdejaar bied 'n uitstekende opsie vir studente wat beoog om finansiële beplanners te word.

Rekeningkunde moet tot op derdejaarsvlak geneem word.

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerrooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com.(Finansiële Bestuur) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel.

'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word.

B.COM. (FINANSIËLE BESTUUR) Studiekode 6306

	EERSTE JAAR		TWEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2
Ekonomie	EKN114	EKN124	EKN214	EKN224		
Ondernemingsbestuur	OBS134			OBS244	OBS314	
Bemaking		OBS144				
Finansiële bestuur			OBS234			OBS364
Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde	REK114	REK124	REK208	REK208 MAC224	REK308	REK308
Bestuursrekeningkunde					of BRF308	of BRF308
Bedryfsielkunde	HUM114	ORG124				
Statistiek	STK114	STK124				
	of	of				
Wiskunde	■WTW114 of ◆WTW134	WTW124 of WTW144				
Finansiële Ekonomie			FEC214	FEC224		
Taalvaardigheid: Afrikaans vir die professies	AFP132	AFP142				
	of	of				
Besigheidsengels	EBE112	EBE122				
Rekenaargeletterdheid			BRS111	BRS121		
Inligtingvaardigheid	ILK111					
KEUSES:			Kies een vak uit		Kies een vak uit	
Statistiek			STK216	STK226	STK316	STK326
Wiskunde			WTW214 WTW254 ELR214	WTW224 WTW254 OCP224	WTW374	WTW364
Bedryfsielkunde						
Rekenaarinligtingstelsels			RIS134	RIS144		
Ekonomie*					EKN314	EKN324
Kwantitatiewe Ekonomie						EKT324
Finansiële Ekonomie					FEC314	FEC324
Finansiële Beplanningsomgewing			FBR214	FBR224		
Finansiële Beplanning					FBR314	FBR324
Belasting			BEL208	BEL208	BEL308	BEL308
Ouditkunde			ODT214	ODT224		
Bestuursrekeningkunde					BRF308	BRF308

- WTW114 en WTW 124 vereis Graad 12 Wiskunde (HG) met minstens 'n D-simbool of prestasievlak 6 (70%).
- ◆ WTW134 en WTW144 moet verkieslik deur studente geneem word wat net in die eerste jaar Wiskunde wil neem.
- * Studente wat 'n nagraadse rigting in Departement Ekonomie wil volg, moet daarop let dat hulle ook EKT324 moet slaag.

INLIGTING

Hierdie interdisiplinêre graad is bedoel vir studente wat belangstel in Wiskunde in die finansiële wêreld. Finansiële instellings soos banke, versekeraars en beleggingsinstansies het 'n behoefte aan gegradueerdes wat 'n stewige agtergrond in die Ekonomiese Wetenskappe sowel as Wiskunde het. Studente kan kies hoe swaar 'n klem hulle op die verskillende rigtings wil plaas. Hierdie vaardighede bied uitstekende loopbaangeleenthede vir persone wat Wiskundige ontledings van finansiële probleme kan doen. Met nagraadse studie sal so 'n persoon nog meer komplekse finansiële modelle kan hanteer.

Rekeningkunde word tot op tweedejaarsvlak vereis.

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

VOORVEREISTES

Module	Voorvereiste
ATW216	(WTW114 en WTW124), of (WTW134 en WTW144) en (WKS114 en WKS124), of (STK114 en STK124)

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerrooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com. (Finansiële Wiskunde) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel.

'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word, veral by die keuserigtings.

B.COM. (FINANSIËLE WISKUNDE) Studiekode 6326

	EERSTE JAAR		TWEEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2
Wiskunde#	WTW 114	WTW 124	WTW 214 WTW 254	WTW 224 WTW264		
Ekonomie*	EKN 114	EKN 124	EKN 214	EKN 224	EKN314	
Ekonometrie						EKT324
Ondernemingsbestuur	OBS134			OBS244	OBS314	
Bemarking		OBS144				
Finansiële Bestuur			OBS234			OBS364
Rekenaarinligtingstelsels	RIS 134	RIS 144				
Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde	REK 114	REK 124	REK 208	REK 208 MAC224		
Rekenaargeletterdheid	BRS111	BRS121				
Aktuariële Wiskunde			ATW216	ATW226		
			of	of		
Finansiële Ekonomie			FEC214	FEC224		
					Ten minste 4 van die volgende modules waarvoor die student die voorvereistes het	
Wiskunde						
					WTW314	WTW324
					WTW334	WTW344
					WTW374	WTW364
						WTW384

* Studente wat wil voortgaan met nagraadse studies in die Departement Ekonomie moet daarvan kennis neem dat hulle ook EKN324 voor toelating moet slaag. Die module EKN324 word nie benodig om die graad B.Com. (Finansiële Wiskunde) te behaal nie, maar slegs om toegang tot honneursstudies in Ekonomie te verkry.

WTW114 en WTW 124 vereis Graad 12 Wiskunde (HG) met minstens 'n D-simbool of prestasievlak 6 (70%).

INLIGTING

Hierdie opsie is gepas vir iemand wat wil spesialiseer in die bestuur van Inligtingstegnologie (IT), rekenaarinligtingstelsels, -programmering en -toepassings, 'n veld met besondere loopbaangeleenthede in die inligtings-era. Dit vereis uiteraard sterk rekenaar- en syfervaardighede.

Hierdie opsie word onderskei deurdat Rekenaarinligtingstelsels (RIS) verplig is as hoofvak, met keuses vir die ander hoofvakke.

Gegewe die behoeftes van 'n loopbaan in hierdie bestuursveld, is daar 'n relatief beperkte aantal keusemodules.

Rekeningkunde word tot op tweedejaarsvlak vereis.

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerrooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com.(Inligtingstegnologie) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel.

'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word.

B.COM. (INLIGTINGSTEGNOLOGIE) Studiekode 6308

	EERSTE JAAR		TWEEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2
Rekenaarinligtingstelsels	RIS114	RIS124 RIS164	RIS214 RIS274	RIS224	RIS314 RIS334	RIS324 RIS344
Statistiek	STK114	STK124	STK216	STK226		
	of	of	of	of		
Wiskunde	WTW114	WTW124	WTW214 WTW254	WTW224 WTW264		
Ekonomie	EKN114	EKN124	EKN214	EKN224		
	of	of	of	of		
Bedryfsielkunde	HUM114	ORG124	ELR214	OCP224		
Ondernemingsbestuur	OBS134			OBS244		
Bemarking		OBS144				
Finansiële bestuur			OBS234			
Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde	REK114	REK124	REK208	REK208 MAC224		
Taalvaardigheid: Afrikaans vir die professies			AFP132	AFP142		
			of	of		
Besigheidsengels			EBE112	EBE122		
Rekenaargeletterdheid	BRS111	BRS121				
KEUSES:					Kies twee vakke uit:	
Ekonomie*					EKN314	EKN324 of EKT324
Ekonometrie						
Rekeningkunde					REK308	REK308
Statistiek					STK316	STK326
Wiskunde					WTW374	WTW364
Ondernemingsbestuur☒					OBS314	
Finansiële bestuur☒						OBS364

* Studente wat 'n nagraadse rigting in Departement Ekonomie wil volg, moet daarop let dat hulle ook EKT324 moet slaag.

WTW114 en WTW 124 vereis Graad 12 Wiskunde (HG) met minstens 'n D-simbool of prestasievlak 6 (70%).

INLIGTING

Hierdie opsie is vir studente wat die landboubestuursterrein wil betree. Werksgeleenthede in hierdie veld het na liberalisering van landboumarkte hier en internasionaal baie toegeneem. Groot landbou-koöperasies, internasionale bemarkingsmaatskappye en finansiële instellings bied goeie loopbaangeleenthede in dié veld.

Die kern van hierdie opsie is in Landbou-ekonomie en Ekonomie gesetel.

Rekeningkunde word slegs op eerstejaarsvlak vereis.

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerrooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com. (Landbou-ekonomie) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel.

'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word.

B.COM. (LANDBOU-EKONOMIE) Studiekode 6323

	EERSTE JAAR		TWEEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2
Economie	EKN114	EKN124	EKN214	EKN224	EKN314	EKN324
Kwantitatiewe Ekonomie						EKT324
Landbou-ekonomie		LEK124	LEK214	LEK224	LEK314 LEK414 LEK434	LEK324 LEK424 LEK444 LEK461
Bedryfsielkunde		ORG124				
Ondernemingsbestuur	OBS134					
Bemarking		OBS144				
Rekeningkunde	REK114	REK124				
Statistiek	STK114	STK124	STK216	STK226		
Belasting			BEL208	BEL208		
Taalvaardigheid: Afrikaans vir die professies	AFP132	AFP142				
	of	of				
Besigheidsengels	EBE112	EBE122				
Rekenaargeletterdheid			BRS111	BRS121		
Inligtingvaardigheid	ILK111					
KEUSES:			Kies een vak uit:		Kies een vak uit:	
Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde			REK208	REK208 MAC224		
Finansiële Ekonomie			FEC214	FEC224	FEC314	FEC324
Statistiek					STK316	STK326
Ondernemingsbestuur*				OBS244	OBS314	
Bemarking*						OBS324 of
Finansiële Bestuur*			OBS234			OBS364

INLIGTING

Hierdie opsie is vir studente wat daarin belangstel om beroepsvelde soos menslike hulpbronbestuur, arbeidsverhoudinge-bestuur en organisasie-ontwikkeling te betree. Die graad bied ook die moontlikheid om, met bepaalde toegevoegde modules, toegang tot professionele kwalifikasies te verleen.

Studente word ook toegelaat om 'n sosiale wetenskap soos Sosiologie, Sielkunde, Antropologie, Politieke Wetenskap of Bedryfskommunikasie in 'n B.Com.(Menslike Hulpbronbestuur)-graad in te sluit.

In die eerste jaar is daar ook 'n keuse tussen Ekonomie of Rekeningkunde: albei hoef nie geneem te word nie.

Indien 'n student beoog om in die toekoms ekwivalensie vir die B.Psig. te verwerf, moet aansoek om keuring aan die einde van die derde jaar gedoen word. Suksesvolle kandidate sal ná die voltooiing van Honneurs in Bedryfsielkunde en 'n gepaardgaande internskapprogram, 'n professionele registrasie by die GBRSA (Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika) kan verwerf. Raadpleeg die Departementele Voorsitter: Bedryfsielkunde in die geval van onsekerheid.

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerrooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com. (Menslike Hulpbronbestuur) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel.

'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word.

B.COM. (MENSLIKE HULPBRONBESTUUR) Studiekode 6304

